

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellings en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projek aansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

10.4

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: PE Wes

Titel van Projek: Hoërskool Cillie vennootskap

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Wimke Jurgens
Posadres:	
E-pos:	wimkej@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	
Selfoon:	0834528574

Elektronies: W Jurgens


27 Sept 2022

Handtekening Projekvoorsteller

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) DEON VAN STADEN, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van PE - WES, dat hierdie projek op 29/9/22 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	<u>29/9/22</u>
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hoërskool Cillie is die oudste Afrikaans medium hoërskool in die stad met ongeveer 930 leerders. Die leerders kom hoofsaaklik uit die skool se tradisionele voedingsareas wat oor die algemeen armer voorste insluit en ook uit die noordelike woongebiede van die stad. 'n Besonder groot persentasie van die leerders van die skool oorleef in swak sosio-ekonomiese omstandighede wat uiteraard groot druk op die skool en onderwysers plaas. Die gevolge van die swak sosio-ekonomiese omstandighede manifesteer in swak dissipline, dwelmmisbruik, tiener swangerskappe, afwesigheid, onderprestering, ondervoeding, ens. Die skool se skoolfonds beloop R7,000 per jaar. Ongeveer 'n derde van die leerders is kwytgestel van skoolfonds en nog ongeveer 'n derde se skoolfonds word nie betaal nie ten spyte van streng stappe deur die skool om dit in te vorder. Tydens 'n onlangse gesprek tussen leraars en lidmate van die Ring van PE Wes (asook Ds. Mihaela Wahl van NG Kerk PE Noord) en 'n aantal senior onderwysers by die skool het die volgende behoeftes en uitdagings na vore gekom:

1. Berading. Die onderwysers rapporteer dat die leerders enorme uitdagings in die gesig staar en nie die geestelike, emosionele en sielkundige ondersteuning het om dit verantwoordelik te hanteer nie. Die onderwysers voel magteloos omdat hulle die uitdaging sien en nie die tyd of opleiding het om leerders by te staan nie. Daar was glo voorheen vir 'n rukkie iemand wat 'n spreekkamer by die skool gehad het en die kinders het glo tou gestaan vir berading. Die onderwysers was van mening dat goeie beradingsondersteuning vir leerders waarskynlik die grootste impak van enige intervensies op die skool, leerders en onderwysers sal hê.
2. Vaardighede ontwikkeling. Nou verwant aan die eerste uitdaging is die behoefte aan die oordra van basiese lewensvaardighede aan leerders en ouers. Dit sluit leerders in wat swanger is of reeds ouers is. Mentorskap, groepterapie en hulp met huiswerk kan hierby ingesluit word. Die onderwysers meld spesifiek die groot agterstand in lees en skryfvaardighede wat die leerders terughou. Selfs basiese leiding ten opsigte van eetgewoontes en gebruik van geld kan baie help.
3. Ondersteuning van skool en onderwysers. Die onderwysers verkeer onder groot fisiese, emosionele en geestelike druk. Daar is soms 'n behoefte aan iemand soos 'n leraar om die personeel en skool by te staan. 'n Paar van die ring se leraars (en moontlike ander professionele gemeentelide soos sielkundiges of maatskaplike werkers) wat beskikbaar en op bystand is sou van groot hulp wees. Toerusting in selfversorging van voorbidding sal ook van groot waarde wees.
4. Dwelmmisbruik is 'n groot probleem by die skool wat tydens die Covid inperkings vererger het. Bogemelde behoeftes sou ook hier 'n rol kon speel.
5. Fisiese ondersteuning. Die skool kry tans daaglik 'n donasie van brood vanaf Blue Ribbon en 'n paar onderwysers maak beurte om smere en konfynt aan te koop. Tans kry ongeveer 35 leerders toe broodjies. Die behoefte is egter baie groter en daar is waarskynlik meer as 100 leerders wat honger skool toe kom. Daar is tans ook nie fondse om nuwe boeke vir die skoolbiblioteek te koop nie en onderwysers maak self beurte om van tyd tot tyd goedkoop boeke te koop.

Die naaste gemeente aan die skool, Sydenham NG Kerk, het nie die kapasiteit om die skool noemenswaardig te bedien nie. Alhoewel die huidige leraar 'n goeie verhouding met die skool het en gereeld daar betrokke is, het Sydenham 'n deeltydse leraarspos en sal 'n toekomstige leraar ook nie genoegsame kapasiteit het om 'n noemenswaardige bydrae te maak nie. Met goeie koördinerende kan die ringgemeentes egter as 'n span 'n groter rol speel om die skool te bedien. Dit dien ook gemeld te word dat NG Kerk PE Noord ook naby die skool is en dat hierdie gemeente en dat die Ring van Algoa moontlik ook by hierdie projek betrokke kan raak.

Die sleutelfaktor wat die grootste impak op die skool kan hê is klaarblyklik die beskikbaarheid van 'n opgeleide berader op vaste tye by die skool. So 'n persoon kan dan ook, naas die berading, vaardighede ontwikkeling aanbied en koördineer asook die samewerking tussen die skool en ringgemeentes in die ander vier uitdagings hierbo genoem te fasiliteer. Skakeling met welsyn instansies en gemeentes van ander denominasies sal waarskynlik ook nodig wees. Dit sou 'n ideale geleentheid wees vir die ringgemeentes om saam by ons wyer gemeenskap betrokke te raak.

Hierdie voorstel is derhalwe dat die ring iemand aanstel om vir ongeveer 10 ure 'n week vir hoofsaaklik berading; maar ook vir vaardighede ontwikkeling en skakel tussen die skool en ring te hanteer. Hierdie rol kan deur 'n maatskaplike werker, jeugwerker, berader of leraar behartig word. Dit kan ook deel van 'n deeltydse leraar in die ring (soos by Sydenham NG Kerk). 'n Vergoeding van ongeveer R8,000 - R10,000 sou waarskynlik genoegsaam vir so 'n pos wees. Die skool sou moontlik

ook 'n bydrae tot so 'n pos kon maak. Alhoewel so 'n pos vir 'n proefperiode ingestel kon word, sou die hoop wees dat dit 'n langtermynprojek sal word.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

1. Hoërskool Cillie sal desperaat nodige ondersteuning van verskeie ringsgemeentes ontvang.
2. Die gemeentes van die ring sal die geleentheid kry om meer direk by 'n gemeenskapsprojek betrokke te raak. Verskeie vaardighede binne gemeentes sou op verskillende wyses by die skool gebruik kon word.
3. Die verantwoordelikheid van ondersteuning van een van die mees noodbehoewende skole binne die ring sou deur al die ringsgemeentes gedeel word en nie net op die skouers van die kleinste en armste ringsgemeente val nie.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Gesprekke met ringsgemeneentes en skool	3 weke
Opstel van posbeskrywing	1 week
Adverteer pos	3 weke
Vul pos	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Ds Phillip Voigt	
Verteenwoordigers van ander ringsgemeentes	

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Ring	Onseker vir nou
Hoërskool Cillie	Onseker vir nou
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	
Vergoeding/Salaris	R10,000 per maand
TOTAAL:	

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R120,000
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	Onseker vir nou
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R120,000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag

--	--

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf